SAGTEVRUGTEPLANTVERBETERINGSVERENIGING
DECIDUOUS FRUIT PLANT IMPROVEMENT ASSOCIATION

POSBUS / PO BOX 166, PAARL 7620 • TEL (021) 872 1892 • FAKS / FAX (021) 872 0335
E-POS / E-MAIL plantpom@iafrica.com

BEWUSMAKING ONDER PRODUSENTE VAN SPV KLAGTEPROSEDURE N.A.V

ONDERSOEK NA BEWEERDE KWEKERY WANPRAKTYKE

Die SPV het in 2013 inligting ontvang dat sommige kwekerye afgewyk het van die SPV se standaard bedryfsprosedure ingevolge die sagtevrugteplantsertifiseringskema. Na aanleiding hiervan is 'n ondersoek deur die SPV gedoen na die lys van insidente wat aan hom bekend gemaak is.

Die tipes klagtes wat ondersoek is sluit onder andere die volgende in:

1. **Oormerk of oorverf van kleurkodes van kwekerybome deur kwekerye;**
2. **Verkoop van 'n spesifieke kloon as die van 'n ander;**
3. **Omruil van SPV sertifiseringsetikette om boombestellings te pas;**
4. **Ongemagtigde insameling van ander instansies se plantmateriaal;**
5. **Verkoop van onderstamme met gesertifiseerde blou skema etikette voordat dit finaal geïnspekteer is.**

In al vyf tipes klagtes wat ondersoek is, het die SPV bewyse van wanpraktyke deur kwekerye gevind en het die SPV toegesien dat die nodige regstellings tot die tevredenheid van die geraakte produsente, wat aan die SPV bekend is, gemaak word. Regstellende stappe is reeds deur die kwekerye geneem om soortgelyke wanpraktyke in die toekoms te help voorkom.

Met hierdie skrywe wil die SPV graag ook weer sy **Klagteprosedure** (hierby aangeheg) onder alle produsente se aandag bring. Dit is ook beskikbaar op ons webtuiste by www.plantsa.co.za onder SPV dokument G.

Enige klagtes met betrekking tot foutiewe of onder-standaard bome voortaan gelewer, of plantmateriaal wat foutiewelik met SPV sertifiseringsetikette toegerus word, kan gestuur word na plantpom@iafrica.com. Alle nuwe klagtes sal vertroulik deur SPV gehanteer word.

Jacques Ferreira

Sekretaris SPV
Bestuurder Plant SA